Deeltydse Nasorgassistent
Dubbel Medium

Jan Kriel Skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes is op soek na ‘n persoon om in die nasorg vir leerders van Graad R – 6 te werk.

Vereistes:

Onderwysstudente, persone met ‘n ECD-kwalifikasie, persone met ondervinding van kindersorg en persone met ondervinding van werk met leerders met leergestremdhede sal ‘n voordeel hê. Taalvaardigheid in Afrikaans en Engels sal voordelig wees.

Die volgende sal van die persoon verwag word:

- Om ‘n liefdevolle en koesterende atmosfeer te skep,
- Om toesig te hou en na die veiligheid van leerders om te sien ,
- Om om te sien na die fisiese versorging en welstand van die leerders,
- Om hulp te verleen met die tuiswerk van leerders van Graad R tot Graad 6,
- Om leerders besig te hou met opvoedkundige en stimulerende aktiwiteite,
- Om elke dag die lokale en kleedkamers op te ruim en skoon te maak,
- Om verantwoording doen van die voorraad van die nasorg,
- Om betrokke te raak by ander aktiwiteite van die skool wat na-ure en oor naweke plaasvind.

Noodhulp-opleiding sal in jou guns tel.
Betroubare vervoer is noodsaaklik.
Bereidwillig om later te werk indien nodig.

Belangstellendes kan ‘n volledige CV, gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies, getuigskrifte en kontakbesonderhede van referente per hand by die skool inhandig of pos aan Posbus 17, Kuilsrivier, 7579. Slegs hardekopie aansoeke sal aanvaar word. Dui duidelik aan vir watter pos u aansoek doen.

Sluitingsdatum vir aansoeke: Maandag, 2 November 2020. Laat aansoeke sal nie oorweeg word nie. Korrespondensie sal beperk word tot gekortlyste kandidate.